

23 Maart

Skrifgedeelte: Handeling 20:17-38 (OAV)

Fokusgedeelte: Handeling 20:19 (OAV)

Dien God met nederigheid in tye van beproewings

Ons Skrifgedeelte is Paulus se afskeidstoespraak aan die ouderlinge van Efese, waarin hy hulle toespreek oor die belangrikheid van hulle dienswerk. Uit ons teksgedeelte word een ding duidelik: Paulus sien die bediening as hoofsaaklik om God te dien. Hy sien dit as 'n groot voorreg om die Koning en die Here te dien en aan Hom gehoorsaam te wees. Dit is vir Paulus só belangrik dat hy homself 'n dienskneg van Jesus Christus noem (vgl. Rom 1:1). Hy het besef dat 'n dienskneg van Christus twee belangrike kenmerke het:

- In die eerste plek is dit om nederig te wees. Paulus was 'n nederige man (vgl. 1 Kor 15:9, Ef 3:8), want hy het Jesus Christus nagevolg in woord en daad, want Jesus Christus was self nederig (vgl. Matt 11:29). Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan ons, mense, gelyk geword (vgl. Fil 2:7). Christus roep ons elkeen op om nederig te wees in ons verhouding met God en ons naaste (vgl. 1 Pet 5:5-6). Om nederig te wees, moet ons ons sondes bely en besef hoe klein en nietige sondaars ons is, wat God se genade ontvang. Ons moet ook ons naaste hoër ag as onself (vgl. Fil 2:3).
- In die tweede plek is dit om bereid te wees om beproewings deur te staan, want lyding is deel van 'n dienskneg se lewe. Paulus het dit dwarsdeur sy bediening ervaar (vgl. 2 Kor 11:16-33), en net so ook Jesus Christus (vgl. 1 Pet 2:21). So moedig God ons aan om ons geloof en ons vertroue in Hom te bewys.

Dit is die ware maatstaf van 'n dienskneg van die Here. Dit gee vir jou die bereidwilligheid om alleen God te dien met nederigheid, en beproewings blymoedig deur te staan.

Sing: Psalm 138:1, 3 (1936-beryming)

Ds P Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop)

